Laerskool Queenswood

Omsendbrief 6

22 Februarie 2011

Geagte Ouers en Voogde

VISBRAAI - 2011:

Ons sien daarna uit om u eerskomende Vrydag by die Visbraaigeleentheid te ontvang. U is welkom om vanaf 17:30 saam te kom kuier. Die opening vind om 19:00 plaas waarna die ete 'n aanvang neem.

Onthou om u eie stoel, eetgerei, bykos en drinkgoed saam te bring.

Daar sal 'n snoepie met koeldrank wees.

Baie dankie vir die skeurstrokies wat stiptelik teruggekom het. Ons het die bestelling op Dinsdagmiddag se getalle geplaas.

Indien u aangedui het dat u patats sal gaarmaak, is die voorgestelde resep op die volgende bladsy.

SUBSIDIE AANSOEKE:

Volgens departementele reëls is dit verpligtend vir gesinne wat kwalifiseer vir subsidie om elke jaar weer aansoek te doen. Indien u nog nie 'n subsidie aansoek kom afhaal het nie, versoek ons u om dit dringend te doen en so spoedig moontlik by die finansiële kantoor in te handig . Die laaste dag wat dit ingehandig kan word is Vrydag 25 Februarie 2011.

BOBBY VAN JAARSVELD:



Op 15 April 2011 tree Bobby van Jaarsveld by die skool op. Elke leerder van die skool het verlede week 'n skrywe met meer inligting, sowel as 'n bestellingslys vir kaartjies ontvang. Soos in skrywe versoek, koop asseblief die kaartjies daarvolgens aan.

LANDLOOPOEFENING:

Soos verlede week genoem, begin die oefeninge op 2 Maart 2011. Weens onvoorsiene omstandighede was ons genoodsaak om die oefentye soos volg te verander.

Maandae: 16:00 tot 17:00

Woensdae: 16:00 tot 17:00

MY SCHOOL-KAART:

Gebruik asseblief u kaart so gereeld as wat u kan.

SAMBRELE VIR VELE:

Groot bont strandsambrele, 2.4m in deursnee, kan by die kantoor teen R250.00 elk bestel word. (Kontant met bestelling asseblief!)

HERWINNINGSPROJEK:

Baie dankie aan almal se deelname aan hierdie projek. Ons wil graag 'n reuse sukses hiervan maak. Dit is werklik 'n goeie manier om addisionele fondse vir die skool te genereer en 'n bydra tot die omgewing te maak. Verdeel asseblief u papier in drie verskillende sakke, witpapier, gekleurde papier, koerante en tydskrifte. Die krammetjies moet asseblief verwyder word.

MUSIEK:

Daar is nog lestye vir leerders wat kitaar-, klavier-, blokfluit- en sanglesse wil neem. Kontak gerus die volgende persone indien u kind sou belangstel om in een van die bogenoemde onderrig te word.

Kitaar: Christo Fritz - 083 290 9110

Klavier, blokfluit, sang: Candace Nel - 071 672 3519

KREATIEWE Q'WIETE

Bring al jou kreatiewe "goeters" saam, ons gaan almal saam scrap, verf, kaartjies maak, kom lees 'n boek, bring 'n paar vriendinne en kom kuier saam. Dit is vir 'n goeie doel! Ons rugbyseuns gaan op toer!!!

Punte van belang:

Visbraai

Subsidie aansoeke

Bobby van Jaarsveld

Landloopoefening

My School-kaart

Sonsambrele

Herwinningsprojek

Musiek

Kuieroggend

Daar sal teen 'n fooi 'n snoepery, met koffie en tee besikbaar wees en 'n plekkie om te kuier in die skadu.

DATUM: 12 Maart 2011
TYD: 09:00 - 14:00
PLEK: Queenswood skoolsaal en tuin
TOEGANG: R50.00 per persoon

RUGBY

Die rugbyligawedstrydprogram vir die 2011-seisoen is as volg:

14 April	Queenswood vs Doxa Deo
19 en 21 April	Distriksproewe
28 April	Queenswood vs Eersterust
5 Mei	Derdepoort vs Queenswood
7 - 12 Mei	Blou bul proewe
17 Mei	Totiusdal vs Queenswood
19 Mei	Queenswood vs Curro Hazeldean
24 Mei	Queenswood vs Mamelodi
26 Mei	Rayton vs Queenswood
31 Mei	Cullinan vs Queenswood
2 Junie	Moontlike uitspele
9 Junie	Bond semi-finale
14 Junie	Bond finale

Die skool wat eerste genoem is, is die tuis-skool

Vriendskaplike wedstryde:

3 Maart weg teen Boerefort
10 Maart Sportdag tuis
15 Maart weg teen Tuinrand

ROOMYSHOUERS:

Nani by die snoepie, vra dat u asseblief al u ou roomysbakke na die skool sal stuur. Die bakke word gebruik om water vir groot byeenkomste in te vries .

Vriendelike groete

R. LUDICK
PRINSIPAAL

==========

Lemoenpatats:

Kook ongeveer 13 medium patats sag – nie pap nie.

Trek skilletjies af. Sny in ongeveer 3 cm skywe. Skep in vuurvaste skottel. Oondpan werk goed vir hierdie hoeveelheid. Giet die volgende sous oor.

Sous:

300ml lemoensap
300ml gouestroop
2 eetlepels margarien
knippie sout
3 teelepels mielieblom en 1 teelepel gemmer aangemaak in 'n bietjie water

Kook sap en stroop, voeg ander bestandele by. Roer tot dik, moet nie te watering wees nie. Gooi oor patats en bak bruin in oond. Lewer ± 25 porsies.

Punte van belang:

Rugbydatums

Roomyshouers

NB! NB! NB! NB!!
KOLWYNTJIES:

Daar word op Vrydag 4 Maart kolwyntjies deur die graad een klasse verkoop. Bring baie geld en kom ondersteun hulle!